

Vorderingsverslag tot einde Julie 1978

Hierdie verslag handel oor sake waarby die Projekingenieur betrokke is en die doel daarvan is om die Beheerkomitee in te lig oor die vordering van die Projek en om goedkeuring vir sekere optredes en aankope te verkry.

1. Beplanning van dienste1.1 Landmeters

Die Landmeters, Sülter en Dovey is tans besig met die uitpen van fase 1. Die blokpenne is reeds geplaas sodat die Raadgewende Ingenieurs kan voortgaan met opmetings. Veertien arbeiders en 'n stootskrapeer is gehuur om die toekomstige strate te ontbos sodat die Landmeters makliker kan werk. Die volledige uitpenning van fase 1 sal einde Augustus voltooi word. Sonas 1, 2 en 3 van fase 1 sal reeds teen middel Augustus voltooi wees.

1.2 Siviele dienste

Mnr Kantey, Loteryman, Anstey en Blignault het reeds begin met die detailontwerp van die strate vir fase 1.

Tenders vir die materiaalondersoek is reeds toegeken en werk sal eersdaags begin. Tenders vir die geohidrologiese ondersoek is reeds ontvang en sal waarskynlik tydens die vergadering voorgelê word.

1.3 Rioolsuiwering

Soos tydens die 2/1978 Beheerkomitee vergadering berig is, is 'n vergadering op 6 Junie 1978 by die Departement van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling te Pretoria gehou om die tipe suiweringswerke te bespreek. Die vergadering is bygewoon deur Mnr C.R. Louw van die firma Cahill, Gertenbach, Louw en Strydom, die Projekingenieur, en Mnr C.J. van Beek en F. van Niekerk van die Departement. Mnr Louw is opdrag gegee om 'n volledige koste-ontleding van die twee tipes werke te maak en 'n omvattende verslag oor die hele aangeleentheid in te dien, waarna die betrokke persone 'n aanbeveling aan die Beheerkomitee sal maak. Die verslag is reeds ontvang en aan die Nasionale Instituut vir Waternavorsing voorgelê vir kommentaar.

Hopelik sal daar tydens die vergadering verder mondelings verslag gedoen kan word aangesien hierdie saak nou dringend is.

1.4 Elektrisiteitsvoorsiening

Die Raadgewende Elektriese Ingenieurs, Mnr Clinkscales, Maughan-Brown en Vennote het onlangs die tenderdokumente vir die sekuriteitsbeligting en kragopwekker voltooi en tenders sluit op 3 Augustus. Die beligting word opgerig om die kantoor- en stoor-terrein snags te verlig en die 25kVA kragopwekker is hiervoor en

vir die kantoorbelygting nodig. Tenders sal tydens die vergadering voorgelê word.

Dit blyk na voorlopige en oppervlakkige ondersoek dat die twee 250kVA kragopwekkers wat voorheen aangekoop is, moontlik glad nie gebruik kan word nie. Vir die doeleindes hierbo genoem, is hulle heeltemal te groot en vir die dorp self onvoldoende. Moontlik sal hulle in 'n tussen stadium ingespen kan word vir konstruksiedoeleindes of later vir noodkragopwekkers.

Volgens die jongste inligting kan EVKOM binne een maand na aanvraag groot maat krag te Glenmore lewer.

Die aanwending of andersins van die opwekkers sal deur die Raad-gewende Ingenieurs ondersoek word. Intussen sal die opwekkers volgens besluit 22(3) van die 1/1978 Behoer Komitee vergadering na Glenmore vervoer word om sodoende die R70-00 per maand bergingsfooi uit te skakel.

2. Tydlike ontwikkeling

2.1 Terreinwerke

Die terrein vir die 500 tydelike huise is reeds uitgepau en sal binnekort klaar ontbos wees. 'n Groter gebied as wat aanvanklik beplan is, moes skoongemaak word nadat die Departement se Stadsbeplanner groter erwe en vier strate aanbeveel het. Die Raadgewende Ingenieurs is versoek om die aantal persele te verminder om dit waar te staan te bring op die vereiste 500. As gevolg hiervan sal die beraamde koste van die ontwikkeling hoër wees weens die langer waterpype en strate.

2.2 Tydlike huise

Die eerste materiaal vir die huise is reeds afgelewer en dit sal voortgaan teen 'n tempo van 10 huise per maand. Oprigting van die huise sal vroeg in September begin, wanneer die Klouk van werke diens aanvaar. Daar word gerekend na 'n oprigtingstempo van minstens 100 per maand. Die fabriek wat die huise vervaardig, Ciskei Saw Mills (Pty) Ltd, is onlangs besoek in Keiskammahoek waar die Ciskeise Regering ook 'n aantal van die huise opgerig het. Oprigting is eenvoudig en behoort geen probleme op te lewer nie.

Bykomende materiaal is nodig vir die oprigting van die huise, nl. kreesoot pale om die huise in die grond te anker, en sament en kalk vir die pleisterwerk en voetstukke vir die pale. Verder word die toilette gelewer met oop agterkant en kan dit moontlik die vloë probleem vererger. 'n Flap kan gelewer word teen R3-00 stuk en dit word dan ook aanbeveel.

Die sament, kalk en pale kan op die Raad se jaarlikse tender aangekoop word teen die volgende benaderde kostes:

4000 ek sament	R7500
4000 ek kalk	R5000
4000 pale	R8000

Hierdie ekstra uitgaves huldpn ongeveer R44-00 per huis.

Totdat die gehidrologiese ondersoek voltooi is, is watervoors

siening vir die oprigting van die huise 'n probleem. Good-keuring word versoek om indien nodig geskikte reëlins te tref vir die aanry van water of installeer van pompe.

3. Kantoorterrein

3.1 Kantoorgobou

'n Afsonderlike item op die sakelys handel oor die verbeterings wat aangebring moet word om die plaeshuis in 'n terreinkantoor te omskep. Intussen is vasgestel dat 'n afsonderlike telefoonlyn jare kan neem en in die orde van R500 per jaar sal kos. Daar sal dus aansoek gedoen word om 'n agentskap en intussen word die plaaslyn gebruik.

3.2 Woonhuis te Glenmore

Aangesien die Klerk van Werke in die tweede huis op Glenmore gaan woon, word goedkeuring gevra om die huis ook te bedraad en die nodige herstelwerk en instandhouding te doen. Hier sal ook nuwe watertanke nodig wees. Beraamde koste hiervan is as volg:

Bedrading (insl. kabel na kragopwekker)	R1000
Watertanke en herstelwerk	R1000
	<hr/>
TOTAAL	R2000
	<hr/>

3.3 Toegangspad

Die toegangspad vanaf die Committeeesdrifbrug na die terreinkantoor word nou herbou en behoort teen 4 Augustus voltooi te wees. Die bestaande pad was in swak toestand en gevaarlik vir swaar voertuie. Beraamde koste van hierdie werk was R1500 en die masjinerie word terselfdertyd gebruik vir die ander werk soos verwat in besluit 110 van die 2/1978 vergadering.

4. Personeelsaangeleenthede

4.1 Aanstellings

Die volgende aanstellings is gemaak:

- (i) Mev L.F. Dickerson as Tikster/Klerk vanaf 1 Augustus 1978 teen 'n salaris van R3813 binne die skaal R3465 - R4437
- (ii) Mnr F.D. Kidson as Klerk van Werke Gr II vanaf 1 September 1978 teen 'n salaris van R5892 binne die skaal R5475 - R6447

Aansoeko om die pos van Terreiningenieur (voorheen Ingenieursassistent) is reeds ontvang en 'n aanstelling sal binnekort gemaak word.

4.2 Lone vir tydelike werkers

Tydlike swart werkers is met tussenposes en vir wisselende kort tydperke vir die volgende werk aangestel:

- (i) Aflaai van materiale te Glenmore
- (ii) Skoonmaak van terrein
- (iii) Ondersoek van Raadgewende Ingenieurs

Omdat betaling van lone meesal op kort kennisgewing en in die veld geskied, is gerieflikheidshalwe besluit op afgeronde bedrag vir lone, wat afwyk van die Raad se goedgekeurde loonskale. Die Beheerkomitee word versoek om die volgende loonskaal vir gebruik by bogenoemde en soortgelyke gevalle goed te keur:

R2,50 x 0,25 - R5,00 per dag
 (Ekww R650 x R65 - R1300 per jaar)

Werkers wat langer tydperke werk word steeds volgens goedgekeurde loonskale vergoed.

5. Algemeen

5.1 Material

Die grootste gedeelte van die pype vir die water-, riool- en vloedwaternetwerke is reeds op Glenmore afgelewer. Afleweringe vind gereeld plaas en wanneer dit voltooi is, sal daar tesame met materiaal vir die houthuise materiaal van tussen R300 000 en R500 000 op die terrein wees. Die huismateriaal is maklik verwyderbaar en derhalwe is die beligting genoem in paragraaf 1.4 belangrik.

5.2 Kleinkas

Vir die betaling van lone genoem in paragraaf 4.2 is 'n kleinkas van R600-00 vir die Grahamstad kantoor beskikbaar gestel. Aangesien bedrag ongereeld daaruit getrek word en 'n groot deel daarvan vir tydperke ongebruik is, is 'n spaarrekening by die S.A. Permanente Bouvereniging geopen waar die balans gedeponeer is ter wille van sekuriteit. Die rekening is in die naam van die Glenmore Projek. Bekragtiging vir hierdie optrede word gevra. Enige rente word teen die Projek gekrediteer.

5.3 Permanente Behuising

Tydens 'n vergadering van die Beheerkomitee op 13 Desember 1977 is besluit dat die standaard van behuising op die eersvolgende vergadering bespreek sou word. Na die wete van die Projek-ingenieur is dit nog nie in detail bespreek nie en word twee sake ten opsigte van behuising tans ondersoek. Aangesien oprigting van die huise geprogrammeer is vir September 1979 en daar dus nog voldoende tyd is, word die Beheerkomitee versoek om goedkeuring te verleen dat die Projekingenieur die ondersoek voltooi en daarna voorstelle aan die Komitee voorle. Vir die doel sal 'n besoek gebring word aan die Departementele Argitekte, die Nasionale Bounavorsingsinstituut en moontlik ander ontwikkelingsprojekte van soortgelyke aard.

Eerstens word gekyk na die moontlikheid om af te wyk van die standaard tipe huise om meer afwisseling te bewerkstellig. Daar word gesoek na alternatiewe planne, binne dieselfde kostestruktuur om 'n groter verskeidenheid wonings daar te stel. Persone met baie ondervinding in die veld word voorlopig genader vir soveel inligting as moontlik.

Die tweede saak is die oprigting van die huise. Die aanvanklike gedagte was om tenders aan te vra vir fase 1 sodat 'n groot kontrakteur dit vinnig kan voltooi. Verdere fases sou verdeel word in groepies van tien huise om aan swart kontrakteurs die geleentheid te bied om vir die arbeid te tender terwyl Projekbeheer die materiaal lewer.

Die vraag ontstaan egter hoeveel swart kontrakteurs daar in die omgewing is en hoeveel van ander omgewings die koste van vestiging op die terrein sal kan dra. Verder is daar die kostes van waarborge, versekering ens. Diegene wat in die Glenmore omgewing deurgaans as bouers gebruik primitiewe boumetodes en sal eers opgelei moet word. Toesig oor sulke kontrakteurs is baie meer veeleisend en materiaalgebruik moet baie streng beheer word.

Onder hierdie omstandighede sal dit miskien beter wees om aan die begin 'n kern van geskoolde embagsmannes te werf en opleidingsgeriewe te verskaf sodat alle ander werkers opleiding-in-diens kan ontvang. So kan 'n hoër standaard verseker word en kan van die werkers later tot selfstandige kontrakteurs ontwikkel.

Voordat 'n besluit in hierdie verband geneem kan word, moet alle aspekte daarvan ondersoek word om vas te stel watter uitweg nie net vir die Projek nie, maar ook vir die inwoners die beste voordele inhou.

W.P. MALHERBE
PROJESKINGENIEUR
26 Julie 1978

7 Will White Capital be possible? ✓

8 It has been reported that R289,000 will be made available for houses in Grahamstown. How many? For whom?

Glenore Project 5 yr. Capital Programme

Details	7/1/79	7/1/80	8/1/81	8/1/82	8/1/83	Total
1. Houses (5000)	1,500,000	1,600,000	1,700,000	1,800,000	1,800,000	24,400,000
2. Schools (2 LP 2 JS and 1 HP)	940,000	—	1,010,000	600,000	—	2,550,000
3. Clinics 3.	500,000	550,000	600,000	—	—	1,650,000
4. Community Hall 2	—	—	225,000	—	—	225,000
5. Police Station 1	—	—	45,000	—	—	45,000
6. Workshops 2	700,000	—	—	—	—	700,000
7. Sports Facilities 1	—	—	20,000	—	—	20,000
<u>Infrastructure</u>						
8. Roads - Abnormal size (120 km)	1,400,000	1,400,000	1,400,000	1,400,000	1,400,000	7,000,000
9. Water Retention (132 km)	1,200,000	825,000	825,000	825,000	825,000	4,100,000
10. Sewerage (107 km)	940,000	740,000	640,000	440,000	440,000	3,180,000
11. Electricity (130 km)	800,000	600,000	500,000	500,000	400,000	2,800,000
12. Miscellaneous Improvements	100,000	—	—	—	—	100,000
TOTAL	6,109,000	5,170,500	5,461,000	5,025,000	2,466,315	26,631,500